

8 April

Jesaja 53:1-10

(Teks: 53:4, 5)

"Tog het Hy ons lyding op Hom geneem..."

In ons teksvers word die verlede tyd gebruik - al was dit nog eeue voor die geboorte van Christus. Hier word oor die lydende Christus geprofeteer asof alles reeds gebeur het. Die profeet, gelei deur die Gees van God, is egter so seker van die beloftes van God dat hy met sekerheid oor die geboorte, die lyde en die sterwe van ons Here Jesus Christus kan praat.

In dié tyd van die jaar dink ons opnuut aan die verskriklike lyding - en wat dit vir ons beteken. Christus het in ons plek gely - meer spesifiek - Hy het ons *lyding* op Hom geneem, Hy het ons siektes gedra. Dit het die profeet aangekondig - en dit *het* gebeur! Hoe wonderlik en ook letterlik is alles wat in die Ou Testament van Christus geskryf is nie vervul in sy koms na die aarde toe, sy lyde en sy sterwe nie. Maar dis hoe God dit in sy Ewige Raadsplan bepaal het.

As ons dan hierdie week terugkyk op die lyding en sterwe van Christus, moet ons dit doen in die besef dat Hy nie net ander se lyding nie *maar ook sy eie persoonlike lyding op Hom geneem net*. In die hele lydenstyd van Christus het dit dus ook om *myself* gegaan. Christus is ook ter wille van *my sonde* verbrysel; my genesing het ook slegs deur sy wonde gekom. Wie dit werklik besef kan nie anders as om klein en stil te word voor God nie, God het alles uit genade, slegs uit genade aan my gegee. En daarvoor moet ek Hom dank.

Sing Skrifberyming 7:2 en 3Dr. H.A. van Dalsen (Bloemfontein-Noord)